POEDING LEKKER PATATS

POEDING LEKKER PATATS

Patats wat amper proe soos poeding.

WAARSKUWING: Maak genoeg dit gaan vinnig opgeëet word.

Kook patats tot halfgaar met bietjie water.

Giet die water af.

Sprinkel donker bruinsuiker en klontjies botter met bietjie stroop of heuning (ek verkies heuning, dit is nie so erg soet nie) oor die patats en bring weer tot kookpunt.

Voeg ‘n bietjie melk en ongeveer ¼ – ½ teelepel koeksoda by afhangende van hoeveel patats en prut verder. Dit maak ‘n skuimsous in die begin wat dan afkook tot ‘n lekker sous.

Resep: Tersia Brink